**Saterdag 25 Februarie**
**Skrifgedeelte: Johannes 1:1-14**
**Fokusgedeelte: Johannes 1:14**

**God het onder ons kom tabernakel (woon) in Christus**

Elke mens kies sy vriende. Hoe ons besluit wie en wat, is baie persoonlik en moeilik om te motiveer en te verduidelik! Waarom wil ek met jou vriende wees? Waarom wil ek nie jou vriend wees nie?

Dit raak moeiliker as ’n mens saam met iemand moet woon. Daar is talle voorbeelde waar die gevolg van die keuse rampspoedig is: baie erg as dit in ’n huwelik gebeur, minder ernstig as dit ’n koshuiskamer is.

Wat motiveer mens om by iemand in te trek? Uiteindelik weeg ons die voordele en die nadele, en as die voordele meer is as die nadele, dan trek mens in.

God is volmaak. In hierdie volmaak-wees is Hy van niks en niemand afhanklik nie. Jy, mens, is onvolmaak. Jy het fisiese behoeftes soos kos, klere, beskerming en versorging as jy byvoorbeeld siek word. Elkeen van ons het seker al ervaar wat dit is om iemand te versorg wat van jou afhanklik is. ’n Siek kind wat in die middel van die nag roep, ’n bejaarde ouer wat nie kan loop nie. Ons het waarskynlik al die gevoel gehad dat plig nie noodwendig ’n plesier is nie.

Ons het God nodig. Elke oggend bid ons vir die krag om ons daaglikse werk te doen, dat ons beskerm sal word in die gevaarlike tye waarin ons leef, dat ons kos en klere mag hê. Ons vertrou God. Dit bevoordeel my.

Kom ons kyk na die saak van God se kant af. Watter voordeel het God om by ons te kom woon? Watter voordeel het Jesus gehad om mens te word, om verwerp, verag en gedood te word, tot die mens se voordeel? Die antwoord is: Niks. God het geen voordeel, geen verpligting om by ons te kom woon nie. Tog wil Hy. Christus word in die angste van die hel gedompel om my daaruit te red. Dit is die wese van God se liefde vir my. Watter bydrae kan ek in hierdie verhouding lewer? ’n Lewe van dankbaarheid!

*Sing: Psalm 116-1:1, 7, 10*

*Dr. HF van Wyk (Hennie) (emeritus)*